Suid Afrikaanse Vlaampertelersgenootskap

RASSTANDAARDE VAN DIE SA VLAAMPERD

(2009)

TEELDOELEINDES

- Die S A Vlaamperd word geteel as ’n ligte, middel gewig trek en ryperd wat met swier, goeie spoed, maar vlugvoetig in die tuig sowel as onder die saal kan presteer.
- Die S A Vlaamperd moet ook in dieselfde mate ’n swierige en doeltreffende spanperd wees.
- Die S A Vlaamperd moet ‘n mensliewende, saggeaarde, dog lewendige perd wees vir die betroubare verrigtinge van werk,plesier en skou.
- Die S A Vlaamperd moet ekonomies onderhou en maklik versorg kan word.

TIPE

- Simmetries afgerond.
- Gebalanseerde dier, wakker, vol kwaliteit en adellik in voorkoms.
- Gehard met goeie konstitusie.

KWALITEIT

- Hoë vel en haar kwaliteit.
- Been skoon en droog, sening opvallend.
- Sterk skelet.

IDEALE HOOGTE

- Hingste: 15 – 16 hand
- Merries: 14h 3 – 16 hand

KLEUR EN HAARBEDEKKING

- Fyn hoë kwaliteit vel en gladde blink kort haarbedekking.
- Ideaal **PIKSWART**.
- Donkerbruin en vaalswart perde sal toelaatbaar wees.
- Donkerbruin en vaalswart perde mag geen wit aan hê nie.
- Swart merries sal toegelaat word met twee kleur merke, ‘n klein wit kol voor die kop met een wit agtervoer of 2 wit agtervoete. Geen wit hoewe slegs ‘n wit streep deur hoef.
- Hingste **moet** pikswart wees.
- Geen donkerbruin, vaalswart of wit sal toelaatbaar by hingste wees nie, sleg by reun perde.

TEMPERAMENT

- Kalm, ambisieus, betroubaar, dog wakker en intelligent.
- Hingste moet manlikheid en libido toon.
- Merries moet fyn en vroulik wees.

BEWEGING

Draf:
- Lig op die grond met 'n hoë rol aksie voor, goeie balans tussen voor en agter aksie.
- Agterbene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart weg neem.
- Al vier bene moet spoor, m.a.w. reguit voorentoe beweeg van agter of van voor gesien.

Galop:
- Nie te vinnig, ritmiese en gebalanseerde galop.

Stap:
- Elasties, vinnig en ewewigtig

VOORKWART

KOP

- Klein, hoë droë kwaliteit kop.
- Van voor is die voorkop plat en breed tussen die prominente oogbanke met groot vol, blink en helder oë.
- Die ore is van middelmatige lengte, skerp gepunt en redelik naby mekaar geplaas.
- Profiel moet reguit en effens konkaaf wees met kaak duidelik omlyn.
- Onder die oë, goed uitgesny tot by die neus, neusbrug skoon van vlesigheid.
- Groot elastiese neusvleus.
- Bek moet sterk wees met gesonde tande wat reg opmekaar byt.
- Diep ingesnyde sykante, met lippe wat sag en elasties is.
- Wangbene wyd uitmekaar met voldoende spasie vir die lugpyp.
- Droë kop met die vel om die oë, die neus en die bek sag en fluweel agtig.

NEK

- Mooi gevormde, buigbare en fyn besnede, middelmatige lang nek.
- Nek moet slank wees en swierig gedra word.
- Lugpyp droog, duidelik belyn met n los aansluiting. (Keelafsny plek.)
- Geboë manekam by hingste en merries, maar fyner by merries.
- Nek se bo lengte moet langer as die onder lengte wees.
- Die manetop moet lig wees en swaarvlesigheid sal n diskreminasie wees.
- Die nek moet goed aansluit by die skuins skouer.

SKOUER

- Diep skouer wat skuins in die rug aansluit.
- Goed gespierd en nie vlesig nie.
- Kambeen (skof) moet prominent wees met goeie spieraanhegting.
- Kambeen moet effe hoër as die kruis wees by volwasse perd

BORS

- Diep bors met goeie breedte.
- Dit moet matig breed wees en die skouerknoppe moet wyd uitmekaar wees met die elmboë parallel teenoor die ribbekas geplaas.
- Borsspiere moet goed ontwikkel wees met prominente boeg of borsbeen.
- Smal of knyp bors sal n diskreminasie wees.

BENE

- Ideale been moet fyn van haar vertoon.
- Bene moet oor die algemeen gesond, droog en van goeie kwaliteit wees.
- Senings, prominent met sterk aanhegting by die knie en koot van die kant gesien.
- Kootgewrigte- voor en agter, moet van middelmatige lengte en elasties wees.
- **Voorbene:** Van voor moet die bene reguit wees dat ’n loodlyn, wat vanaf die skouerknop hang, deur die middle van die knie, die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef loop.

Voorbene moet sover as moontlik in die skouer na vore geplaas wees.

Van die kant gesien moet die been vertikaal staan.

- **Hoewe:** Middelmatige grootte. Swart, glad en breed. Wit streep sal toelaatbaar wees by merrie en reunperde. ’n Dik wand wat van gehardheid getuig. Hoefwand reguit en nie konkaaf of geboë nie. Die hiele moet hoog en wyd uitmekaar wees.

MIDDELSTUK

RUG

- Middelmatige lengte, reguit en gespierd.

RIBBES

- Die hele rib gedeelte moet diep en ovaal-rond wees met ribbes wat sover as moontlik agter toe, tot by die flanke, strek. (Moet nie opgesny wees nie.)

LENDE EN FLANKE

- Lende moet breed en gespierd wees en sterk aansluit by die kruis.
- Flanke moet diep en vol wees.

AGTERKWART

BOUDE EN DYE

- Gespierd en effens rond, en laag afstrek na onder.

HEUPE

- Moet glad, breed en gelyk wees.

KRUIS

- Kruis moet middelmatig lank, breed en gespierd wees vanaf die heupknoppe tot die sitbene. - Van agter gesien moet dit breed en rond wees tussen die draaibene, maar die heupknoppe moet nie prominent uitstaan nie.
- Die kruis hang effens, maar die stert moet redelik hoog aansluit.
- Van die kant gesien moet die kruis 'n mooi ronding wys.

SKENKEL

- Lank, breed en sterk gespierd.
- Moet so laag as moontlik af strek na die hak.

HAK

- Breed en plat, skoon en diep.
- Moet van krag getuig en in verhouding met die perd wees.

- Aanhegtings moet prominent wees.

AGTERBEEN

- Van agter gesien moet die loodlyn vanaf die sit beenknoppe reguit afhang oor die punt van die hak, in die middel van die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef.
- Van die kant gesien moet die loodlyn, getrek vanaf die sitbene agter net teen die hak en die pypbeen afhang.

STERT

- Stert aanhegting moet goed wees, nie te laag.
- 'n Lang digte goeie kwaliteit stert.

A. VLAAMPERD

Hoe vreemd dit ookal mag klink, het die Vlaamperd nie in Vlaandere nie, maar wel in Suid-Afrika, tot ‘n ras ontwikkel. Gedurende die 19de eeu het die “Hantam-perd” met sy eie kenmerkende eienskappe in die ou Kaapprovinsie begin ontwikkel. Hierdie perd is geteel deur gebruik te maak van Arabier- en Volbloed hingste met uitstaande eienskappe, wat in die 1820’s deur Lord Charles Somerset ingevoer is.

Na die einde van die Anglo Boereoorlog in 1902 is Frieshingste na Suid-Afrika ingevoer deur ‘n begrafnisondernemer van Kaapstad. Klaarblyklik was daar op daardie tydstip ‘n verbod op die uitoer van Frisperde vanaf Holland deur die Nederlandse owerhede. Om hierdie verbod te omseil is die Friesperde vanaf die Belgiese hawe Antwepen verskeep, gevolglik is die perde en hul afstammelinge in die volksmond Vlaamse perde genome. Hierdie Frieshingste is op Hantam en ander plaaslike merries gebruik en hul nageslag het die oorsprong gevorm van ‘n nuwe Suid-Afrikaans geteelde ras. Hier moet egter baie duidelik gestel word dat die Friesper nie die enigste ras was wat ‘n rol gespeel het tot die ontwikkeling van die S.A. Vlaamperd nie. ‘n Ingevoerde Oos-Fries/Oldenburg hings met die naam “Kemp” het ‘ baie groot invloed op die teling van die Vlaamperd in Suid-Afrika gehad. Daar was ook bydra van Cleveland-bay bloed en tot vandag nog kan definitiewe karakter eienskappe van die Cleveland-bay in sommige Vlaamperde opgemerk word.

Die hings wat die grootste bydrae tot die ontwikkeling van die Vlaamperd ras gemaak het, was “Scheepers” wat duer die familie van der Merwe van Kwaggafontein, Sutherland geteel is (1930’s) en in 1942 verkoop is aan Mnr. H. Serdyn van Riebeek-Wes.

Die Vlaamperd se oorsprong is die Wes-Kaap en dit is nog steed die mekka van die ras.

Die Vlaamperd is ‘n ware veeldoelige perd. In die tuig is hierdie per damper weergaloos met sy grasieuse styl en hoë aksie. As ‘n ryperd is sy uitmuntendheid bekend aan die mees puntenerige ruiter.

Die Vlaamperd is uitermate geskik vir die enkel- en dubbeltuig, sowel as vir die vier- en ag-span. Sy pragtige voorkoms en geskikt geaardheid saam met ander uitstekende eienskappe, maak dat die Vlaamperd ‘n baie gewilde ras is vir skoudoeleinders sowel as by feeste, huwelike en toerisme.

Die Vlaamperd is ‘n swart ras, alhoewel vaalswart en donkerbrui ook by merries toegelaat word. Die ideaal bly egter ‘n pikswart perd. Die hoogte van die perd wissel tussen 14.2 hand tot 15.2 hand. Dit is ‘n liggewig ras met ‘n fyn beenstruktuur.

Die S.A. Vlaamperd Telersgenootskap is in 1983 te Bloemfontein gestig. Dit is ‘n gevestigde, onafhanklike ras en word beskou as ‘n kosbare aanwins vir Suid-Afrika wat groter erkenning verdien.